
# Deel 5:

# Die Beneke voorgeslagte



Tafelbaai en Kaap 1805. Paravicini di Capelli.

Brommer, A B *et al*. *Grote Atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie. V Afrika.* Bl. 159.

# Hoofstuk 24

# Johann Dietrich Beneke (a)

# (1714 – c.1778)

## Oriëntasie

Johann Dietrich Beneke kom in 1734 in die Kaap aan. Hy is in Hänigsen, naby Hannover in Duitsland, gebore in 1714. Hy is omstreeks 1778 oorlede toe hy nagenoeg 64 jaar oud was.

In 1743 trou die 29-jarige Johann[1] met Anna Monk wat toe nagenoeg 17 jaar oud was. Sy is oorlede in 1767 toe sy nagenoeg 41 jaar oud was. Hulle het 13 kinders gehad. Slegs drie van die kinders oorleef hulle ouers.

Johann gaan op 58-jarige ouderdom sy tweede huwelik in 1772 aan met Maria[2] van der Heever wat toe 33 jaar oud was, hom oorleef en sterf in 1810 toe sy 71 jaar oud is. Hulle het vier kinders gehad.

## Genealogiese gegewens

**a BENEKE, Johann Dietrich**: *Hänigsen 21.4.1714[3] †c. 1778[4]. Aankoms in die Kaap 1734.

x Kaap[5] 23.6.1743[6]: **MONK, Anna**: *c.1726; ≈Stellenbosch 12.5.1726[7]; †Kaap 18.8.1767[8]. Dogter van Andries Monk en Aletta Gerritse.

xx Kaap[9] 26.1.1772[10]: **VAN DEN HEEVER, Johanna Maria:** *c. 1739[11]; ≈Drakenstein 6.9.1739[12]; †16.2.1810[13]. Dogter van Peter Petersen van den Heever en Johanna Bockelenberg[14].

## Herkoms van Johann Dietrich Beneke

**Handtekening van Johann Beneke[15]**



Johann Dietrich Beneke is gebore in Hänigsen op 21 April 1714 as die seun van Hanss Beneke. Die name van twee van sy broers is ook bekend, nl. Hendrik (wat aan die Kaap by die VOC gewerk het) en Hannes, van wie die woonplek onbekend is. Daar is ook nie in Hoge se publikasie *Personalia of the Germans at the Cape 1652 – 1806* enige verwysing na ander Benekes as Johann nie – selfs nie na sy broer Hendrik wat in die Kaap oorlede is nie.

Daar is ook nie gegewens in die Nasionale Argief van die Nederlande se webwerf oor die *VOC Opvarenden* ten opsigte van Johann Beneke nie. (Wat wel opvallend is, is dat daar gegewens oor 'n Dirk Beneke is wat in 1734 uitvaar vanaf die Nederlande, maar die gegewens kan nie in verband gebring word met Johann Beneke nie[16].)

Ligging van Hänigsen in Nedersakse




Hoge dui ook aan dat Johann Beneke afkomstig was van Hänigsen, Nedersakse, in die noorde van Duitsland[17]. In die testament van Johann se broer, Hendrik Beneke, word aangedui dat hy afkomstig is van Hansen en die testament is te onduidelik om te bepaal of daar 'n umlaut op die a is[18]. Hänsen is die Nederduitse naam vir Hänigsen.

Hänigsen is ingedeel in die Streek Hannover, Nedersakse. Daar is reeds 'n verwysing na Hänigsen in 1226. In 1529 is dit deur die Hervorming geraak en daar is tans steeds 'n Evangeliese Lutherse Kerk. In die 19de eeu moes dit 'n klein plekkie gewees het, want teen 1885 was daar net 857 inwoners.

In 'n dokument van 10 Maart 1760[19] word na Johann verwys as komende van Hannover wat nie teenstrydig met die bogemelde gegewens is nie, maar dit trouens bevestig.

## Werk by VOC ens.

Volgens Hoge kom Johann in 1734 in die Kaap aan as 'n soldaat. In die testament van Johann se broer Hendrik in 1768, word na Johann in 1768 verwys as 'n soldaat in diens van die VOC[20].

Daar word aangedui dat Johann 'n kneg was vanaf 1735 tot 1768[21]:


- Op 16 November 1735 gaan Johann 'n kontrak aan met Adam van Dijk om hom as leenkneg te dien vir 'n jaar teen vergoeding van Kaapseƒ15, drank, kos en huisvesting[22]. Die kontrak word gerojeer op 16 November 1736 namens Adam van Dijk se weduwee.
- Johann gaan op 20 Februarie 1741 'n kontrak aan met die Burgerraad Paul Artois om hom as leenkneg te dien vir 'n jaar teen Kaapseƒ15, vry tabak en tee sowel as kos, drank en huisvesting[23]. Die kontrak word jaarliks verleng en eers op 7 Maart 1760 word dit gerojeer. Paul Artois was blykbaar 'n vermoënde man wat leiding in die gemeenskap geneem en 'n paar keer as Burgerraad gedien het. Sy aktiwiteite was hoofsaaklik in Tafelvallei waar hy ook heelwat eiendomme gehad het. Met Artois se eerste vrou se oorlye in 1741 is daar ook verwysings na die twee plase Plattekloof en Mond van de Sergeantsrivier by Riviersonderend, asook 31 slawe. Dit kom voor asof daar 'n sterk moontlikheid is dat Johann Beneke by Artois se bedrywighede in Tafelvallei betrokke was.
- Op 10 Maart 1760 word aangeteken dat Anna Monk, Johann se vrou, toestemming verkry het om hom op lening te bekom en in diens te neem, oënskynlik soortgelyk aan 'n kneg. Hierdie kontrak word op 13 Oktober 1768, na Anna se dood, gekanselleer.

In die inventaris wat opgestel is na die dood van sy eerste vrou, Anna Monk, in 1767, word aangedui dat daar op die strand 'n skuit met toebehore, 'n ossewa met toebehore en 8 trekosse is.

Johann word in 1768 'n Vryburger[24]. Daar word na Johann verwys as 'n burger in die Inventaris van Anna Monk op 7 Oktober 1767, maar toe was hy nog 'n soldaat en kneg.


## Huwelik en Gesin

Johann en Anna Monk trou op 26 Maart 1723 in die Kaap. Die inskrywing in die huweliksregister was maar, soos so baie ander van daardie tyd, onderworpe daaraan dat die skrywer net geskryf het wat hy gehoor het en "Frederik" in plaas van "Diederik" of "Dietrich" skryf. Een belangrike feit uit die inskrywing is dat hulle "jongman" en "jonge Dogter" is wat beteken dat dit hulle albei se eerste huwelik is. Dit bevestig ook Johann se woonplek in Europa en dat hy steeds in diens van die VOC was as Soldaat.



**“(d)en 23 Junij Johan Frederik Benecke van henssen Soldaat in diens der E. Comp. (die VOC) jongman, met Anna Monk van Cabo de Goeie Hoop jonge Dogter.”[25]**

**Anna Monk neem Johann Beneke op lening**



**“Huijden den 10: Maart 1760 is aan Anna Monk volgens verleende ordonn: van den Edele heer gouverneur de dato deeses vergunt, omme voor den tijd van een geheele jaar in leening te moogen overneemen haar man den Sold:t Johan Diederik Beeneke van Hanover.**


**In’t Casteel de Goede Hoop datum ut supra. “**

Johann en Anna het 13 kinders gehad[26]. Slegs 3 van die kinders, waarvan een ’n seun was, trou en dit kom voor asof die ander 11 vroeg oorlede is of ongetroud was. Floris en Jacoba Hendrina was ’n tweeling. Die kinders was soos volg:

- Gesina Hendrina, getroud met Jacob David Christens.
- Ernst Frederik, wat op 22-jarige ouderdom oorlede is[27].
- Johan Andries.
- Willem Willems, wat op 10-jarige ouderdom oorlede is in 1759[28].


- Arend (Aaron) Abraham[29], getroud met Christina Maria Hechter.
- Hendrik.
- Anna Martha, getroud met Daniel Nicolaas Duuring[30].
- Nicolaas Rudolph.
- Elisabeth wat op elfjarige ouderdom oorlede is[31]
- Jacob David (Daniel)[32].
- Floris. Hy en sy suster hieronder was 'n tweeling[33].
- Jacoba Hendrina. Sy en haar broer hierbo was 'n tweeling.
- Wilhelm Rudolph.

'n Bietjie meer as vier jaar na Anna se dood (26 Januarie 1772), gaan Johann 'n tweede huwelik aan en wel met Maria van den Heever. Maria was nagenoeg 33 jaar oud met die huwelik en die feit dat sy 'n "Jonge Dogter" was, bevestig dat sy nie voorheen getroud was nie. Slegs 'n week later trou Johann se seun Arend/Aron Abraham op 2 Februarie 1772 in dieselfde kerk.




**"Den 26 Jan: Johan Diederik Beeneke van Zelle Burger alhier. Wed. (weduweenaar) met Johanna Maria van den Heever van Cabo de Goede Hoop. Jonge Dogter."[34]**

**Inskrywing van Johanna Maria van den Heever se doop te Drakenstein op 6.9.1739[35].**





Maria was die dogter van Peter Petersen van den Heever en Johanna Bockelenberg. Peter kom omstreeks 1720 in die Kaap aan vanaf Husum in die Friese gedeelte van Schleswig-Holstein in die noorde van Duitsland. Hy trou in 1726 met Johanna Bockelenberg. Johanna was die dogter van Johannes Bockelenberg wat vanaf Kolberg (Kolobrzeg) in die Poolse laaglande afkomstig was en eers in Batavië en daarna in Mauritius diens doen[36]. Sy tweede huwelik is met Johanna van den Bosch.



**Johann se skoonouers Pieter Petersen van den Heever en Johanna Bockelenberg se handtekening en merk**





Johann en Maria van den Heever het vier kinders gehad[37]:

- Petrus (Pieter) Johannes[38].
- Johan Diederik, getroud met Aletta Dorothea Smit en daarna Magdalena Johanna Mienie.
- Jan August, getroud met Johanna Dorothea Matthee.
- Johanna Maria, getroud met Christiaan Lodewijk Koning

## Woonplekke

Beide Adam van Dijk en Paulus Artois vir wie Johann Beneke as kneg gewerk het in die tydperk 1735 – 1760 se opgaafrolle is in die Kaapse Distrik (Tafelvallei) opgeneem en daarvolgens is die moontlikheid dus sterk dat Johann hom hoofsaaklik in die Kaapse Distrik bevind het.



**"Gezicht van het Pleijn en Heerengragt aan Cabo de Goede Hoop." c. 1763**[39]

Hulle woon teen 1767 in 'n huurhuis in die Kaap volgens die Inventaris van Anna Monk. Die kinders uit beide huwelike is ook in die Kaap gedoop.


Die afleiding word gevolglik gemaak dat hulle in die Kaap gewoon het.

## Eiendom en bedrywighede

Soos reeds aangedui, het Johann vir twee burgers as kneg gewerk, en dit kom voor asof hy 'n algemene kneg was. Daarna het hy ook vir sy vrou as kneg opgetree en het hulle blykbaar een of ander besigheid gehad wat met die see te doen gehad het aangesien daar 'n skuit genoem word in haar boedel.

Die inventaris van Anna Monk se boedel, wat opgestel is op 7.10.1767, verskaf 'n aanduiding van die gesin se eiendom in daardie stadium. Die inventaris is opgeneem in die huurhuis se voorkamer, voorhuis, solder en op die strand[40]. Daar was heelwat meubels, huisgereedskap en kombuisgereedskap. Op die strand was daar 'n skuit met toebehore, 'n ossewa met toebehore en 8 trekosse. Die boedel skuld Rds 190 aan Johann se broer Hendrik, Rds 33 aan David Christens en enkele ander bedraggies. Die inventaris wek die indruk van 'n gesin wat nie ryk was nie, maar tog redelik gemaklik kon leef.

Johann se broer, Hendrik Beneke, gebore te Hänsen/Hansten by Zellegeleegen, was reeds siek toe hy op 2 September 1768 'n testament aan die Kaap maak[41]. Hy verklaar dat hy nooit getroud was nie en nie seuns het nie. Hy bemaak sy boedel aan sy broer, Johann, maar indien sy vooroorlede broer, Hannes Beneke, se seuns opgespoor kan word, word die boedel tussen Johann en hulle verdeel.



**Die Handtekening van Hendrik Beneke: "Deese streepjes heeft Testateur met een Swacke Hand gesteld".**

Op 19 Oktober 1770 erken Johann ontvangs van die erfenis uit sy broer Hendrik Beneke, Onderbaas van die Kompanjie (VOC) se Skuur, wat Rds.2174 bedra[42].

Johann het in 1768 'n vryburger geword, maar daar is geen gegewens oor sy bedrywighede nadat hy die diens van die VOC verlaat het nie. Die enigste opgaafrol waarin gegewens oor Johann verskyn is die rol vir die Kaap vir 1773. Daarin word aangedui dat hy oor twee slawe, 16 osse, 'n pistool en 'n degen (swaard) beskik[43].

Blykbaar het dit in hierdie tyd nie altyd ewe goed gegaan met Johann en sy gesin nie. Volgens Hoge was daar besluite van die Kaapse Kerk dat hy in 1768 en sy tweede vrou, Maria, in 1779 deur die kerk gehelp word[44]. Dit lyk asof die familie dit by tye maar moeilik gehad het, want in 1758 het Maria se pa, Peter Petersen van den Heever ook Rds4 van die Kaapse Kerk ontvang as gevolg van sy armoede en ouderdom[45].

## Kerk en gemeenskap

Die hulp wat deur die Kaapse Kerk aan hulle verleen is, dui daarop dat Johann en Maria aldaar lidmate was. Al die kinders vir wie doopgegegwens beskikbaar is, is in die Kaap gedoop en dit kom voor asof Anna Monk ook aldaar 'n lidmaat was. By die nagaan van lidmaatregisters kon hulle name egter nie opgespoor word nie.


## Latere lewensjare

Anna Monk sterf op 18 Augustus 1767 in die ouderdom van nagenoeg 41 jaar. Minder as 'n maand daarna sterf haar tweede kind, Ernst Frederik, op 2 September 1767[46]. Minder as twee maande na Anna se dood is haar oudste dogter, Gesina Hendrina, ook oorlede op 4 Oktober 1767[47].

Die inventaris vir Anna se boedel word opgeneem op 7 Oktober 1767 en in daardie stadium is slegs vier van die 14 kinders steeds lewend, nl. –

- Aaron Abraham Beneke (15 jaar);
- Hendrik Beneke (13 jaar);
- Anna Martha Beneke (11 jaar); en
- Elisabeth Beneke (7 jaar).

Johann is omstreeks 1778 oorlede. Die Likwidasie- en Distribusierekening vir Johann se boedel word onderteken op 20 Maart 1779[48]. Die klein boedel het Rds 216 bedra en die erfgename is Maria en die ses oorlewende kinders uit Johann se twee huwelike.




Toe Johann oorlede is, was sy kinders by Maria nagenoeg 5 jaar (Johan Diederik), 3 jaar (Jan August) en 1 Jaar (Johanna Maria) oud.

Op 28 Oktober 1799 maak Maria van den Heever 'n testament aan die Kaap[49]. Daar word aangedui dat sy "… Ziek te bed liggende, egter haar verstand, Zinnen en uitspraak ten vollen magtig ende gebruikende …" is. Sy bemaak vooraf aan haar dogter Johanna Maria 'n slavin, Silvia van die Kaap. Dit doen sy omdat Johanna Maria haar reeds vir verskeie jare onderhou, verpleeg en versorg. Daarna bemaak sy die verdere los en vaste goedere

aan haar drie kinders Jan August, Johan Diederik en Johanna Maria. Die testament word op 26.2.1810 by die Weeskamer ingedien, na Maria se dood op 16 Februarie 1810.

Maria en Johann was vir nagenoeg sewe jaar getroud. Daarna was Maria vir 31 jaar 'n weduwee. Inderdaad was Maria vir slegs sewe jaar in haar lewe van omtrent 71 jaar, getroud.

**Uittreksel uit Johanna Maria van den Heever se testament van 28 Oktober 1799**



**"Zoo verklaarde de Testatrise te prelegaten aan haare dogter Johanna Maria Beneke het slaven meisje in naam Silvia van de Caab en zulks uit hoofd omdat voorn. haar dogter haar reeds verscheide agtereenvolgende Jaaren met haar handwerk onderhouden en den Testatrice ook in haar hogen ouderdom gepleegd en sorgvuldig opgepast heeft."**

---

[1] Noemnaam onbekend. Gebruik eerste naam.
[2] Noemnaam onbekend. Gebruik tweede naam.
[3] Beneke, Carol. E-pos van 25 Mei 2016. Mev. Beneke verwys na: Schmidt, Werner. 1938. Germans in South Africa 1652 - 1806 (Der Kulturanteil des Deutschtums am Aufbau des Burenvolkes).
[4] Afgelei van Likwidasie- en Distribusierekening van 20.3.1779. KAB MOOC 13/1/10. Verw. 13. Dit neem gewoonlik 'n tydjie voor die L&Drekening opgestel word.
[5] TAB FK 2164
[6] Hoge, J. 1946. *Personalia of the Germans at the Cape 1652 – 1806.* Gepubliseer in: Beyers, Dr. Coenraad. Redakteur. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Negende Jaargang.* Kaapstad: Cape Times vir Staatsdrukker. Bl. 24.
[7] Genootskap vir die Kerkversameling. Kerkraad van die NG Moedergemeente Stellenbosch. 2004. *Palmkronieke. Annale van die Moedergemeente Stellenbosch*. Nr. 1. Versprei op CD.
[8] KAB MOOC 6/1. Vol 1. Bl. 50.
[9] TAB FK 2165.
[10] TAB FK 2165. In SAG 3, Bl. 252, word aangedui dat die huwelik op 26.1.1778 plaasvind, maar dis verkeerd. Haar testament KAB MOOC 7/1/59, verw. 24 van 28 Oktober 1799, bevestig dat sy die moeder van die laaste drie kinders was, waarvan die oudste omstreeks 1774 gebore is.
[11] Afgelei van doopdatum.
[12] TAB FK 2186.
[13] KAB MOOC 6/1. Vol. 3. Bl. 166.

[14] Els, Annalie. 2013. *Van den Heever, Peter Petersen*. Webwef. *S,A. Stamouers.* www.stamouers.com/stamouers/surnames-v-z/520-van-den-heever-peter-petersen
[15] KAB CJ 2669. Verw. 63.
[16] Nationaal Archief Nederland. VOC-Opvarenden. Den Haag. http://www.voc.websilon.nl/Search.aspx Dirk Beneke word aagedui as afkomstig van Bremen. Hy word in diens geneem op 17 Januarie 1734 as 'n Bosschieter en word uit diens gestel te Ridderkerk naby Rotterdam op 'n onbekende datum. Hy vertrek op die skip Beekvliet op 17 Januarie 1734 en die skip kom op 27 April 1734 in die Kaap en 14 Julie 1734 in Batavië aan.
[17] Hoge, J. 1946*. Personalia of the Germans at the Cape 1652 – 1806.* Gepubliseer in: Beyers, Dr. Coenraad. Redakteur. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Negende Jaargang.* Bl. 24.
[18] KAB CJ 2668. Verw. 66.
[19] KAB CJ 2896. Verw. 58.
[20] KAB CJ 2668. Verw. 66.
[21] Hoge, J. 1946*. Personalia of the Germans at the Cape 1652 – 1806.* Gepubliseer in: Beyers, Dr. Coenraad. Redakteur. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Negende Jaargang.* Bl. 24.
[22] KAB CJ 2885. Verw. 91.
[23] KAB CJ 2888. Verw. 8.
[24] SAG 1. Bl. 216.
[25] TAB FK 2164.
[26] SAG 1. Bl. 186.
[27] KAB MOOC 6/1. Deel 1. Bl. 52. Daar is na hom verwys as slegs Ernst.
[28] KAB MOOC 6/1. Deel 1. Bl.10a.
[29] TAB FK 2149. Hy word aangedui as Arent Abraham, terwyl SAG 1 hom aandui as Aaron Abraham. In sy vader se Likwidasie- en Distribusierekening word ook na hom verwys as Arend Abraham – KAB MOOC 13/1/10. Verw. 13. In die Huweliksregister van die Kaap (TAB FK 2165) word sy naam by sy huwelik op 2 Februarie 1772 as "Aron Abraham" aangegee.
[30] SAG 2. Bl. 137.
[31] KAB MOOC 6/1. Deel 1. Bl. 88.
[32] TAB FK 2150. In die doopregister word sy naam as Jacob David aangegee, maar in SAG 1 as Jacob Daniel.
[33] TAB FK 2150.
[34] TAB FK 2165.
[35] TAB FK 2186.
[36] SAG 1. Bl. 314.
[37] SAG 1. Ble. 186 en 187.
[38] TAB FK 2150. In die Doopregister word sy naam as Petrus Johannes aangedui, maar in SAG 1 as Pieter Johannes.
[39] Brommer, A B, Hattingh, L J, Sleigh, D en Zielstra,H. 2009. *Grote Atlas van de Verenigde Oost-Indische Compagnie. V Afrika.* ISBN 978-90-74861-30-4.
[40] KAB MOOC 8/12. Verw. 29.
[41] KAB CJ 2668. Verw. 66.
[42] KAB CJ 2669. Verw. 63.
[43] KAB A2250.
[44] Hoge, J. 1946*. Personalia of the Germans at the Cape 1652 – 1806.* Gepubliseer in: Beyers, Dr. Coenraad. Redakteur. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Negende Jaargang.* Bl. 24.
[45] Hoge, J. 1946*. Personalia of the Germans at the Cape 1652 – 1806.* Gepubliseer in: Beyers, Dr. Coenraad. Redakteur. *Argiefjaarboek vir Suid-Afrikaanse Geskiedenis: Negende Jaargang.* Bl. 142.
[46] KAB MOOC 6/1. Vol. 1.Bl. 57.
[47] SAG 1. Bl. 216.
[48] KAB MOOC 13/1/10. Verw. 13.
[49] KAB MOOC 7/1/59. Verw. 24.